

### God se gesalfde(s)

**G**od het vir sy kinders trone bestem. Veral het God ons bestem om geestelik te heers oor nasies. Daarom sal Hy ons met wat ons nodig het vir hierdie taak.

In Psalm 2 word allereers verwys na Dawid (en sy nasaat?) wat in Jerusalem as koning heers oor God se volk. Hierdie koning ervaar vyandigheid van ander nasies wat planne teen hom smee (vs 1-2). Die Here verseker die koning egter dat Hy hom as sy seun ag en hom in staat sal stel om sy vyande te verpletter en soos kleipotte flenters te slaan (vs 6-9).

In die Nuwe Testament word daar dikwels na Psalm 2 verwys. Die meeste van dié tekste het betrekking op Christus – vandaar dat Psalm 2 'n *Messiaanse psalm* genoem word. Jesus is die eintlike Koning, die eniggebore Seun van God, die eerste Erfgenaam. Hy ontvang alle mag in hemel en op aarde nadat Hy elke mag en gesag vernietig het (1 Kor 15: 24).

Hierdie is egter nie die enigste lyne wat van Psalm 2 deurgetrek kan word nie. Daar is nog 'n aanhaling uit die psalm wat die lyn deurtrek na my en jou, naamlik in Openbaring 2:26-27: “Aan elkeen wat die oorwinning behaal ... sal Ek mag en gesag oor die nasies gee. Hy (die oorwinnaar) sal hulle (die nasies) met 'n ystersepter regeer, hulle soos kleipotte stukkend slaan.” Die *Messiaanse* moet dus verder deurgetrek word na Christus se volgelinge wat saam met Hom in alles deel en triomfeer.

*Ds. Fanus Heystek (Emeritus)*